Wes-Kaapse Regering
Onderwys

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT (NSS)-TOEKENNINGSKRITERIA VIR 2016

TOEKENNINGS AAN SKOLE

Alle skole sal 'n sertifikaat ontvang.

KATEGORIE 1 – UITNEMENDHEIDHEID IN AKADEMIESE PRESTASIE

Gebaseer op die volgende kriteria, word toekennings in hierdie kategorie aan alle skole in die provinsie (onafhanklike skole ingesluit) wat uitnemende akademiese uitslae in 2016 behaal het, gemaak:

Kategorie 1a – skole met 'n NSS-leerdertal van 30 of meer kandidate

(a) Konsekwentheid ten opsigte van die getal graad 12-kandidate oor die tydperk van drie jaar vanaf 2014 tot 2016 – die getal wat in 2016 geskryf het, moenie minder as 90% van die gemiddelde getal wees wat in 2014, 2015 en 2016 geskryf het nie.
(b) 'n Totale slaagsyfer van minstens 95% in 2016.
(c) 'n Persentasie van kandidate met toegang tot Baccalaureusgraadstudie wat 80% en hoër is.
(d) 'n Persentasie van kandidate wat Wiskunde met 60% en hoër slaag.

Die rangordening van skole sal soos volg deur die berekening van 'n geweegde rangindeks bepaal word:

- Punt (b) hierbo: 10% gewigswaarde
- Punt (c) hierbo: 60% gewigswaarde
- Punt (d) hierbo: 30% gewigswaarde

Kategorie 1b – skole met 'n NSS-leerdertal van minder as 30 kandidate ('n maksimum van drie skole)

(a) Konsekwentheid ten opsigte van die getal graad 12-kandidate oor die tydperk van drie jaar vanaf 2014 tot 2016 – die getal wat in 2016 geskryf het, moenie minder as 90% van die gemiddelde getalle wees wat in 2014, 2015 en 2016 geskryf het nie.
(b) 'n Totale slaagsyfer van minstens 95% in 2016.
(c) 'n Persentasie van kandidate met toegang tot Baccalaureusgraadstudie wat 80% en hoër is.

(d) 'n Persentasie van kandidate wat Wiskunde met 60% en hoër slaag.

Die rangordening van skole sal soos volg deur die berekening van 'n geweegde rangindeks bepaal word:

- Punt (b) hierbo: 10% gewigswaarde
- Punt (c) hierbo: 60% gewigswaarde
- Punt (d) hierbo: 30% gewigswaarde

Kategorie 1c – tegniese hoërskole (een of meer skole)

(a) Konsekwentheid ten opsigte van die getal graad 12-kandidate oor 'n tydperk van drie jaar.
(b) 'n Totale slaagsyfer van minstens 80% in 2016.
(c) 'n Persentasie van kandidate wat Wiskunde met 40% en hoër slaag.
(d) 'n Totale slaagsyfer in die tegniese vakke (Ingenieursgrafika en Ontwerp, Siviele Tegnologie, Elektriese Tegnologie en Meganiese Tegnologie).

Die rangordening van tegniese hoërskole sal soos volg deur die berekening van 'n geweegde rangindeks bepaal word:

- Punt (b) hierbo: 10% gewigswaarde
- Punt (c) hierbo: 30% gewigswaarde
- Punt (d) hierbo: 60% gewigswaarde

KATEGORIE 2 – SKOLE WAT DIE MEESTE VERBETERING GETOON HET

Kategorie 2a: Openbare skole wat die meeste verbetering getoon het

Toekennings sal gemaak word aan die tien skole met 30 of meer kandidate wat die grootste verbetering in slaagsyfer oor die tydperk vanaf 2014 tot 2016 getoon het. Die kriteria sluit ook konsekwentheid ten opsigte van die getal graad 12-kandidate oor die tydperk van drie jaar vanaf 2014 tot 2016 in.

Kategorie 2b: Tegniese hoërskool wat die grootste verbetering toon

Toekennings sal gemaak word aan een tegniese hoërskool met 30 of meer kandidate wat die grootste verbetering in slaagsyfer oor die tydperk vanaf 2014 tot 2016 getoon het. Die kriteria sluit ook konsekwentheid ten opsigte van die getal graad 12-kandidate oor die tydperk van drie jaar vanaf 2014 tot 2016 in.

Kategorie 2c: Grootste verbetering in die persentasie van Baccalaureus-slaagsfyers

Toekennings sal gemaak word aan tien skole met 30 of meer kandidate wat die grootste verbetering getoon het in die persentasie van kandidate wat toegang tot baccalaureusgraadstudie oor die tydperk vanaf 2014 tot 2016 verkry het. Die kriteria sluit ook konsekwentheid ten opsigte van die getal graad 12-kandidate oor die tydperk van drie jaar vanaf 2014 tot 2016 in.

KATEGORIE 3 – VERBETERING EN UITNEMENDHEID IN INDIVIDUELE VAKKE

Kategorie 3a: Wiskunde

Verbetering in Wiskunde

Dit word toegeken aan een skool in die provinsie met die grootste verbetering in prestasie in Wiskunde vanaf 2015 tot 2016, deur die getal Wiskunde-slaagpunte te vermeerder.

Uitnemendheid in Wiskunde

Dit word toegeken aan een skool in die provinsie wat die hoogste getal slaagsyfers in Wiskunde in 2016 opgelewer het.

Kategorie 3b: Fisiese Wetenskappe

Verbetering in Fisiese Wetenskappe

Dit word toegeken aan een skool in die provinsie wat die grootste verbetering in prestasie in Fisiese Wetenskappe vanaf 2015 tot 2016 getoon het, deur die getal slaagpunte in Fisiese Wetenskappe te verhoog.

Uitnemendheid in Fisiese Wetenskappe

Dit word toegeken aan een skool in die provinsie wat die hoogste getal slaagsyfers in Fisiese Wetenskappe in 2016 opgelewer het.

Kategorie 3c: Engels Huistaal

Verbetering in Engels Huistaal

Dit word toegeken aan een skool in die provinsie wat die grootste verbetering in prestasie in Engels Huistaal vanaf 2015 tot 2016 getoon het, deur die getal slaagsyfers in Engels Huistaal te verhoog.

Uitnemendheid in Engels Huistaal

Dit word toegeken aan een skool in die provinsie wat die hoogste getal slaagsyfers in Engels Huistaal in 2016 opgelewer het.

Kategorie 3d: Afrikaans Huistaal

Verbetering in Afrikaans Huistaal

Dit word toegeken aan een skool in die provinsie wat die grootste verbetering in prestasie in Afrikaans Huistaal vanaf 2015 tot 2016 getoon het, deur die getal slaagsyfers in Afrikaans Huistaal te verhoog.

Uitnemendheid in Afrikaans Huistaal

Dit word toegeken aan een skool in die provinsie wat die hoogste getal slaagsyfers in Afrikaans Huistaal in 2016 opgelewer het.

Kategorie 3e: isiXhosa Huistaal

Verbetering in isiXhosa Huistaal

Dit word toegeken aan een skool in die provinsie wat die grootste verbetering in prestasie in isiXhosa Huistaal vanaf 2015 tot 2016 getoon het, deur die getal slaagsyfers in isiXhosa Huistaal te verhoog.

Uitnemendheid in isiXhosa Huistaal

Dit word toegeken aan een skool in die provinsie wat die hoogste getal slaagsyfers in isiXhosa Huistaal in 2016 opgelewer het.

Kategorie 3f: Inligtingstegnologie

Verbetering in Inligtingstegnologie

Dit word toegeken aan een skool in die provinsie wat die grootste verbetering in prestasie in Inligtingstegnologie vanaf 2015 tot 2016 getoon het, deur die getal slaagsyfers in Inligtingstegnologie te verhoog.

Uitnemendheidheid in Inligtingstegnologie

Dit word toegeken aan een skool in die provinsie wat die hoogste getal slaagsyfers in Inligtingstegnologie in 2016 opgelewer het.

Kategorie 3g: Rekenaartoepassingstegnologie

Verbetering in Rekenaartoepassingstegnologie

Dit word toegeken aan een skool in die provinsie wat die grootste verbetering in prestasie in Rekenaartoepassingstegnologie vanaf 2015 tot 2016 getoon het, deur die getal slaagsyfers in Rekenaartoepassingstegnologie te verhoog.

Uitnemendheid in Rekenaartoepassingstegnologie

Dit word toegeken aan een skool in die provinsie wat die hoogste getal slaagsyfers in Rekenaartoepassingstegnologie in 2016 opgelewer het.